### *Mathael as afbreker van die heidense tempelmure*

**91** Mathael kom toe weer na My toe en vra of hy met sy gegewe uitleg van die name van die heidense gode wel reg gedoen het - of dat dit miskien te vroeg gebeur het.

[2] **Ek** (JaHshua) sê: "O, gladnie! Dit het inderwaarheid baie goed gegaan, en jy het daardeur nou werklik met min woorde meer gedoen vir die verdwyning van die duistere heidendom as menige wyse leraar in vele jare! **Want as jy `n mens verstandig en wys wil opvoed, moet jy eers alle ou domhede by hom laat verdwyn.** As die mens daardeur `n weliswaar nou nog leë, maar skoon houer geword het, is dit nie moeilik om so `n goeie bruikbare houer te vul met allerlei wysheid uit die hemele nie, en dit sal ook met hierdie twee gebeur.

[3] Ek sê vir jou, hierdie twee sal nou in `n kort tydjie sonder moeite mense word waaroor My hart meer vreugde sal hê as oor tienduisend Judeërs, wat hulleself volgens Moses as baie regverdig beskou, maar as mense onbekender vir My hart is as hulle wat eers oor duisend jaar op aarde gebore sal word.

[4] En verder sê Ek vir jou: As jy ooit `n vrou sou wou neem op aarde, neem dan vir Helena! Maar dit is ver van My om jou dit te wil voorskryf, jou eie hart sal jou dit wel sê en dit sal jy dan ook volg.

[5] Maar gaan nou weer daarheen en wees vriendelik. Die oue, wat origens baie kennis besit, sal, soos ook sy werklik verbasingwekkende mooie dogter, nog baie uitleg van jou wil hê oor die name van die outyd. Jy is nou `n eerste van die wyses, en dit sal nie vir jou moeilik wees om albei `n oortuigende antwoord op elke vraag te gee nie.

[6] Tewens sal so `n gesprek ook op die Romeine `n goeie indruk maak, en daardeur sal die eerste werktuie gelewer word vir die afbreek van die mure van die talle heidense tempels, en daardeur sal, hoewel nog altyd met baie inspanning, binne enige tientalle jare groter resultate onder die heidendom tot stand gebring word as wat andersins nouliks in `n duisend jaar beoog sou kon word.

[7] In die nag bly dit altyd moeilik om oor die lig te preek. As `n mens egter die dag bereik het, dan is enige leer oor die daglig onnodig, want die dag gee dan al die lig vanself. Die oue sal egter met baie gewigtige vrae by jou kom, en daarom is dit jou gegewe om ook baie belangrike antwoorde te gee. Gaan dan nou in My Naam en doen jou werk goed!

[8] Ons almal sal jou bespreking baie aandagtig volg en Ek sal daarvoor sorg dat ook die wat verder wegstaan jou kan verstaan!

[9] Ek sal die skynson nou nog `n paar uur laat skyn, waardeur baie mense uit die stad na buite sal trek, ten dele uit verwondering en deels uit angs oor so `n dag wat maar net nie wil eindig nie. Maar binne dié tydsbestek sal jy met hierdie twee baie bereik het.

[10] Nadat Ek die skynson gedoof het, sal ons almal hier bo `n goeie aandete geniet, waarby dan nog baie behandel en bespreek sal word. Nou weet jy vir hierdie oomblik alles wat daar gedoen moet word, die volgende sal later aan die orde kom!"

[11] Mathael bedank My vir hierdie opdrag - en in sy hart ook vir die voorstel betreffende die mooie Helena, wat reeds by die eerste aanblik sy hart geroer het sodat hy heimlik by homself gedink het: 'By alle hemele, - so `n skoonheid is nog nie vroeër in heel Israel gesien nie!'

[12] Maar ook al die Romeine, selfs Cyrenius nie uitgesonder nie, het baie aandag aan die mooie Griekse skoonheid bestee, en dit kos hul behoorlik moeite om na iets anders te kyk as na die mooie Helena, wie se liggaam lyk of dit gevorm is uit suiwer eteriese lig en daardeur nou haas meer aantrekkingskrag besit as die hele wonderbare skynson.

[13] Mathael gebruik dan hier ook al sy selfbeheersing; maar wat hy heel heimlik voel, merk niemand behalwe Ek nie.

### *Die skoonheid van die kinders van Elohim*

**92** Hy gaan daarom ernstig na Ouran en die mooi Helena en vra hulle of hulle nou al goed nagedink het oor wat hy vir hulle gesê het.

[2] **Helena** sê daarop met `n baie vriendelike gesig: "Maar hoor nou eers hier, mense sê dat ook ék `n mooi meisie is, mense noem my immers al dikwels `n tweede Venus, vind u dan dat hierdie naam vir my ook die betekenis het waarvan u gepraat het? Sê dit vir my, beste, wyse vriend!"

[3] Hierdie vraag bring ons **Mathael** eers ietwat in die verleentheid, omdat hy dadelik aanvoel dat Helena effens beledig was, maar hy hou homself vinnig manlik en sê: "Liewe suster in Elohim! Wat ek julle vertel het, geld slegs vir die kinders van die wêreld. Die egte kinders van Elohim het altyd `n wyse hart, ook al is hulle uiterlik hóé mooi.

[4] By hulle is die uiterlike skoonheid slegs die uithangbord van hul innerlike, geestelike skoonheid, maar by die kinders van die wêreld is dit `n bedrieglike, wit laag oor die grafte, wat as dit gekalk word, mooi en uitnodigend lyk, maar wat van binne gevul is met verrotting en afskuwelike stank.

[5] Maar jy soek Elohim, daarom is jy ook `n kind van Elohim. Die kinders van die wêreld soek slegs die wêreld en is daarom ook kinders van die wêreld. Hulle vermy die goddelike en soek slegs die eer en die aansien van die wêreld.

[6] As hulle die wêreld groot, heerlik en mooi noem, dan is dit hul hele geluksaligheid. As `n mens egter met hulle oor goddelike dinge begin praat, weet hulle niks, en om hul skande te verberg, omhul hulle hul met allerlei wêreldse klatergoud, met arrogansie en met hoogmoed en vervolgens met toorn, haat en hoon alle wysheid wat uit Elohim in die harte van die kinders van Elohim gegiet word.

[7] Daarom is daar `n groot onderskeid tussen die skoonheid van die kinders van Elohim en die kinders van die wêreld. Die eerste is, soos gesê, `n

uithangbord van die innerlike skoonheid van die siel en die tweede is `n bedekking van die graf, en dít stel die skoonheid van Venus voor, maar nie joune nie, want jy soek Elohim en het Hom ook reeds gevind. Daarom hoef jy my vroeëre verklaring oor Venus ook sekerlik nie op jou van toepassing te maak nie. - Het jy my nou goed verstaan?"

[8] **Helena** sê: "O ja, maar dat ek `n kind van Elohim sou wees, lyk vir my gewis `n baie gewaagde veronderstelling! Ons is almal wel skepsels van één en dieselfde Elohim, maar van die beslis eindelose verhewenheid van die ware kinders van Elohim kan by ons tog geen sprake wees nie, aangesien ons as growwe en trae materiemense tog sigbaar behep is met allerlei swakhede en die ontelbare daaruit voortkomende, gebreke! Daarmee het u, beste en origens baie wyse vriend, tog wel `n bietjie te veel gesê!"

[9] **Mathael** sê: "O, gladnie, want kyk, dit wat ek jou gesê het, kom van die groot Een! Wat Hy my geleer het, is en bly ewige waarheid!

[10] Kyk, gestel dat jy `n duif het, wat wel kan vlieg, maar waarvan jy, sodat dit nie altyd van jou af sal wegvlieg nie en gesellig mak en huislik sal word, die vlerke gekortwiek het. So kan die duif dan nie meer na willekeur op- en wegvlieg nie, maar moet by jou bly en dit deur jou laat makmaak.

[11] Sê nou eers of die duif, solank dit gekortwiek is, minder duif is as daarvoor toe sy vlerke nog nie gekortwiek was nie! Sal die vlerkvere van die liewe duifie nie miskien in `n kort tydjie weer aangroei nie? Ja, binne `n kort tydjie sal die duif sy vleuels weer terughê en net so goed as vóór die tyd kan vlieg. Maar dit sal mak wees en graag by jou bly. En as dit so nou en dan sal uitvlieg, hoef jy dit maar net te roep, dan sal hy jou in die hoë lugruim hoor en in duikvlug na jou toe kom en hom deur jou laat liefkoos.

[12] Die kinders van Elohim het op hierdie wêreld ook baie swakhede wat hulle erg belemmer om hulle tot Elohim, hul Vader op te hef. Maar hierdie swakhede het die gewyde Vader hulle gedurende die lewe in hierdie wêreld maar net om dieselfde rede gegee as waarom jy jou duif kortwiek.

[13] Juis deur die swakheid moet die kinders hul Vader herken, **hulle moet sagmoedig en nederig word en die Vader vra vir die regte krag en sterkte,** en Hy sal hulle dit dan gewis gee as dit vir hulle die regte tyd sal wees.

[14] Maar weens die swakhede, wat die kinders van Elohim ook in hulle het, is hulle nie minder Sy kinders nie, soos ook die duif tog `n duif bly ook al is sy vleuels vir `n kort tydjie gekortwiek om mak te word. - Begryp jy dit nou, lieftallige Helena?"

### *Twee soorte liefde tot die Meester*

**93** **Helena** sê: "Ja, ja, dit is weliswaar nog altyd ietwat skemerig, maar die geheel word tog al meer verstaanbaar en ek hoop dat dit vir my mettertyd nog steeds meer verstaanbaar sal word. Maar vertel ons eers, beste vriend, hoe gebeur dit nou dat ek u groot Een nou nog steeds sterker liefhet, terwyl my hart geen pyn voel nie? Want sedert ek, deur u, verseker weet dat sulke liefde geen sonde is nie, maar slegs `n bowenal noodsaaklike deug van elke mens teenoor Elohim, veroorsaak die nou baie sterker liefde beslis geen pyn meer in my hart nie, en alle benoudheid op my bors is asof weggeblaas! O sê tog vir my wat die oorsaak daarvan kan wees!"

[2] **Mathael** sê: "Maar liefie, dit is tog óórduidelik! Vroeër het jy met `n groot angs geleef omdat jou hart liefde vir `n god gevoel het wat, volgens julle dwase godsdiens, as baie verwerplik voorgestel word. Maar nou het jy geleer om julle ou dwaasheid duidelik in te sien en het aan die bron die wil van Elohim herken en nou sien jy dat so `n liefde die eerste en grootste deug van `n mens moet wees. Dan kan jy tog maklik verstaan waarom jou liefde geen pyn meer in jou hart veroorsaak nie, maar noodsaaklikerwys slegs die volslae teendeel! - Kan jy dit dan nie self verstaan nie?"

[3] **Helena** sê: "O ja, nou begryp ek dit wel, maar sonder hierdie uitleg sou dit nog lank nie vir my heeltemal duidelik geword nie! Ag, nou is alles reg!"

[4] **Mathael** sê: "Wel, as alles in orde is, dan sal jy ook nie meer baie te vra hê nie. Die regte groei van die liefde in jou hart sal die res wel doen. Maar geniet dan nou ook van hierdie heerlike dag, wat die Meester deur Sy eindelose Liefde, Wysheid en Mag ons ekstra gee. Want daar sal later na ons weer duisende ydele jare verbygaan, sonder dat die mense die glansrykheid van so `n dag sal sien!"

[5] **Ouran** sê: "Dit is `n ware woord, edele vriend. So `n avondlike verlenging van die dag is buitengewoon wonderbaarlik en in `n hoë mate gedenkwaardig! In die môre sou so iets minder opgeval het omdat, veral in die omgewing van Pontus, mense al meermale waargeneem het dat, nie selde een, twee of drie sonne na mekaar vóór die egte son opkom en die oggend aanmerklik daardeur vervroeg word. So `n oggendlike verskynsel was ook baie interessant en merkwaardig, maar tog in die verste verte nie so soos die avondlike verlenging nou van die dag deur `n stralende son wat aan die uitspansel bly staan, en wat heeltemal lyk soos die natuurlike son. Ja, ja, so iets het na my wete nog nooit voorgekom en sal waarskynlik ook nooit weer voorkom nie!

[6] Maar die merkwaardigste van hierdie verskynsel is tog eintlik die sigbare sterre in die ooste, terwyl hierdie in `n sekere sin goddelike kunsmatige son tog niks swakker skyn as die natuurlike nie. Sê my eers, beste vriend, is dit werklik die natuurlike sterre, of is dit miskien ook skynsterre!? Dit is weliswaar lankal tyd dat die sterre aan die hemel sou moet kom, maar waarom slegs in die ooste, en waarom nie aan die hele uitspansel nie?"

[7] **Mathael** sê: "Vriend! Daar is eintlik vandag al `n keer oor gepraat, maar dit sou jy nie gehoor het nie, daarom sal ek dit vir jou, so goed as wat ek dit kan, uitlê."